
25 JANUARIE 2026

# TORINGKERK NUUS

OGGEND EREDIENS | MATRIEKDIENS | MATT. 4:12-23



## "WHAT LIES BEHIND YOU AND WHAT LIES IN FRONT OF YOU, PALES IN COMPARISON TO WHAT LIES INSIDE OF YOU."

– Ralph Waldo Emerson

## WELKOM AAN ALLE MATRIEKS, HUL GESINNE & ONDERWYSERS

Dis vir ons 'n voorreg om julle almal te verwelkom in ons erediens. Ons hoop en bid dat hierdie saamwees ook die toon stel vir die res van die jaar se ritme. Matrieks, ons bid saam met julle en julle ouers en onderwysers vir rustigheid, duidelikheid en dat julle die Here in die gewone van elke dag se beleef en ervaar. Mag Hy jou krag en jou sterkte wees. En mag dit 'n lekker & goeie laaste jaar van hoërskool vir jou wees!





## REEKS VIR 1STE KWARTAAL: "VERRAS DEUR DIE TUINIER"

Maria Magdalena soek vir Jesus na die Kruisiging. Sy is ontsteld en loop haar vas teen die Tuinier. Sy herken Hom nie. Wonder wat het Jesus aangehad? Het Hy iets in die tuin gedoen dat sy gedink het Hy is die tuinier? Die nie herken van Jesus, die tuin en die beelde wat dit oproep, het oor die eeue gelowiges geïnspireer tot dieper denke. Ons gaan vir **ses weke** hierdie temas saam bedink.
Ons **begin Sondag 1 Februarie**. Ons wil jou aanmoedig om vir hierdie **6 weke** deel te word van 'n **omgeegroep**. Elkeen van die predikante & Stefan neem 'n omgeegroep en dit is op verskillende dae van die week sodat jy kan inskakel waar dit jou beste pas.

## BEDIENINGE VIR DIE REEKS

Ons wil graag 'n paar bedieninge versterk en ander begin in die gemeente met ons 1ste kwartaal se reeks. Ons moedig jou aan om nie net 'n Omgeegroep vir die ses weke by te woon nie, maar om te kyk en te bid of daar nie dalk ook 'n ander bediening is waarby jy wil betrokke raak nie.


***Kontak die Bedieningsameroeper sommer direk en as jy wonder, gesels met een van die predikante.***



**EERSTE KWARTAAL REEKS**
**1 FEBRUARIE - 8 MAART**
**WEEKLIKSE OMGEEGROEPE**

# Verras deur die Tuinier

Johannes 20:14-15 – “Nadat sy dit gesê het, het sy omgedraai en vir Jesus daar sien staan, maar sy het nie geweet dat dit Hy is nie. Jesus vra haar toe: “Mevrou, waarom huil jy? Vir wie soek jy?” Sy het gedink dit is die tuinopsigter, en sy het vir hom gesê: “Meneer, as u Hom weggevat het, sê vir my waar u Hom begrawe het, en ek sal Hom daar gaan haal.”



## OMGEEGROEPE

Sondae, 18:00-19:00 - Dawfre

Maandae, 18:30-19:30 - Peet

Dinsdae, 10:30-11:30 - Jana

Dinsdae, 18:30-19:30 - Peet

Donderdae, 18:30-19:30 - Stefan

*- Elke groep ontmoet in die konsistorie*

**Maria Magdalena soek vir Jesus na die Kruisiging. Sy is ontsteld en loop haar vas teen die Tuinier. Sy herken Hom nie. Wonder wat het Jesus aangehad? Het Hy iets in die tuin gedoen dat sy gedink het Hy is die tuinier? Die nie herken van Jesus, die tuin en watter beelde dit oproep, het oor die eeue gelowiges geïnspireer tot dieper denke. Ons gaan vir ses weke hierdie temas saam bedink.**

Vir meer inligting, kontak een van die predikante of die kerkkantoor.
info@toringkerk.co.za

# VAN "KLEINGROEP" NA "OMGEEGROEP"

Ons hetnou al vir jare gepraat oor kleingroepe waar ander gemeentes dalk sou praat van selgroepe of huisgroepe. Met die nuwe reeks het ons met verskeie mense gesels en besluit dat die woord "**omgeegroepe**" eintlik meer omvattend is van wat ons bid hierdie groepe vir die mense in hulle sal wees. Dis 'n plek waar ons saam nadink oor die Woord van God maar dit staan nie los van die verhoudings wat gebou word en die omgee wat in sulke groepe behoort te gebeur nie. En daarom, na al die jare, het ons besluit om te verwys na **OMGEEGROEPE** ipv kleingroepe.





# GEMEENTERAAD

Ons wil graag die Gemeenteraad verryk met meer vaardighede en daarom wil ons vir jou vra om daaroor te dink en te bid en dalk met iemand te gesels of jy nie dalk geroep voel om vir 'n termyn op die Gemeenteraad te dien nie.

Jy is welkom om met een van die predikante ook hieroor te gesels om saam te onderskei. Ons vra dat jy jouself oopmaak om te hoor of dit nie dalk 'n plek is waar jy geroep word om te bedien nie.

***Kontak die kerkkantoor indien jy 'n nominasie vorm benodig.***

# BENODIG 'TOP SOIL'

Ons gemeente benodig 'top soil' vir al ons tuine. As daar 'n kans is dat jy vir ons kan borg of kan help hiermee sal ons dit baie waardeer.

Ons wil graag hê ons tuine moet mooi lyk en vreugde skep in die gemeenskap.

***Kontak asb die kerkkantoor vir meer inligting.***



# KENWIN VERJAAR

Een van ons terreinwerkers, Kenwin, verjaar hierdie week - Dinsdag, 27 Januarie.

Baie geluk Kenwin. Ons wens vir jou 'n wonderlike dag toe en mag die jaar wat voorlê geseënd wees. Dankie vir jou werk hier by Toringkerk, ons waardeer jou!





# KINDERKLEINGROEP MENTORS

Dis weer die begin van 'n nuwe jaar en ons het weer Kinderkleingroep mentors nodig om ons op Sondae-oggende te help deur 'n groepe te vat. Dit gebeur tydens die diens en ons probeer mentors afwissel sodat elkeen elke paar weke aan diens is en nie elke Sondag nie. Ons besef dis vir jou ook belangrik om die erediens by te woon maar dis net so belangrik dat indien jou kind in hierdie fase is, jy ook hierby betrokke sal raak.


***Kontak asb vir Stefan as jy meer wil weet of deel wil raak van hierdie bediening.***

# HAM – HUIS ARISTEA

Ons gemeente is vir 'n hele aantal jaar betrokke by die dogtershuis - Aristea. Ons doen op verskeie maniere. Een van die maniere is om te help met die items in die huis self. Hulle benodig tans 'n waaier en 'n mikrogolfoond.

Jy kan ook betrokke raak deur aan te bied om iets vir een van die dogters te koop vir haar verjaarsdag.

***Indien jy betrokke wil raak of kan help, kontak vir Elizmari (084 998 7865).***



GEBEURE OM NA UIT TE SIEN

TORINGKERK

# dagboek DIE DATUM



**18 JAN** WELKOM TERUG
TORINGKERK| 09:00 | REGISTRASIE




**25 JAN** MATRIEKDIENS
TORINGKERK | 09:00



**18 FEB** ASWOENSDAG
TORINGKERK | 18:30



**20-22MRT** GEMEENTEKAMP
DORINGLAAGTE - MONTAGU



**28-30 MRT** #IMAGINE KAMP
BREDASDORP | TIENERS



**3 APR** GOEIE VRYDAG
STROOIDAK | 09:00

# BAIE GELUK *met jou verjaarsdag!*

25 Jan Elicke Brink
25 Jan Sébastien Louw
25 Jan Matthew Van Rooyen
26 Jan Mary Conradie
26 Jan Jancke de Beer
26 Jan Andre Hanekom
26 Jan Wilma Maree
26 Jan Maurene Muller
27 Jan Reinette Davis
27 Jan Mia Delport
27 Jan Nina Maritz
27 Jan Roleen Pretorius
27 Jan Marie Terblanche
27 Jan Andrea van Greunen
28 Jan Morné Du Plessis
28 Jan Chris Nieuwendyk
28 Jan Mariana van Zyl
28 Jan Jonathan Wearne
29 Jan Stephen Franken
29 Jan Nadette Laubscher
30 Jan Dolf Tredoux
31 Jan Gertjie Bernhardt
31 Jan Kobus Coetzee
31 Jan Marnus Jacobsz
31 Jan Jolene Kellerman
31 Jan Carlo Muller

# KINDERS & JEUG

## KINDERKLEINGROEPE (5JR - GR.7)

Kinderkleingroepe hierdie Sondag. Tema: Jesus se spesiale span.

## KRUISCONNECT (GR. 8-10)

KruisConnect hierdie Sondag - van na die diens tot 11h00.

## TIENERKERK (GR. 7-12)

Tienerkerk begin weer Dinsdag, 3 Februarie, om 19:00 in die bo-saal.

# TAIZÉ TEKSTE VIR DIE WEEK

**SONDAG, 25 Jan**
Matt. 4:12-23

**MAANDAG, 26 Jan**
Ps. 72

**DINSDAG 27 Jan**
1 Joh. 5:18-21

**WOENSDAG, 28 Jan**
Mark. 8:34-38

**DONDERDAG, 29 Jan**
Jes. 2:1-5

**VRYDAG, 30 Jan**
1 Kor.13:8-13

**SATERDAG, 31 Jan**
1 Pet. 2:4-10

**SONDAG, 01 Feb**
Matt. 5:1-12

# DEURKOLLEKTE

## SPESIALE KOLLEKTE - ECHO HUIS

Ons Echo gemeenskappe dien as alternatiewe families vir jongmense wat deur hulle ouers en die samelewing aan hulle eie genade oorgelaat is. By die EhcoHuise kry jongmense in nood die geleentheid om deel te word van 'n nuwe gesin en te groei tot geestelike volwassenheid en finansiële selfstandigheid. Die Paarl se EchoHuis is n naskoolhuis vir jongmense uit 'n kindersorg agtergrond tussen ouderdom 18 -24. Jongmense in hierdie huise moet of begin werk of studeer. Al ons huise werk op 'n "saamwoon beginsel", wat beteken dat daar ook jongmense woon wat nie noodwendig in nood is nie, waar wat graag 'n verskil wil maak in iemand anders se lewe. Paarl EchoHuis is in Drakenstein en NG Drakenstein se pastorie word hiervoor gebruik.

# KALENDERBORG: JANUARIE – GEEN

TORINGKERK



# KONTAK ONS GERUS!

ONS WIL GRAAG GESELS!

## LERAARS

Jana van den Munckhof | 083 948 4233 | jana@toringkerk.co.za

Peet Bester | 084 583 3454 | peet@toringkerk.co.za

## TENTMAKER

Dawfre Theron | 082 899 3959 | dawfre@toringkerk.co.za

## JEUG

Stefan Smit | 074 232 0008 | jeug@toringkerk.co.za

## KANTOOR

Anna-Marie le Roux | 021 872 6730 | info@toringkerk.co.za

## FINANSIES

Annelie Dell | 021 872 6730 | finansies@toringkerk.co.za

## TERREINKOöRDINEERDER

Connie Jacobs | 071 295 9297 | info@toringkerk.co.za

## AFLOSKOSTER

Johan van Rhyn | 084 792 1040 | info@toringkerk.co.za

## ORRELIS

Mario Nell | 082 852 4536 | marionell2@gmail.com

RUSOORD: SONDAE 0M 10:30 IN RUSOORD KAPEL:
Emeriti predikante, Ds. Christo van Wyk en Ds. Nico Kriek help met hierdie bediening.



# DANKOFFERS

DANKOFFERS, MAANDELIKSE BYDRAE EN TIENDES

TORINGKERK
ABSA
TAKKODE:
632 005
REK NR:
400 590 176

TORINGKERK ZAPPER

# TK WHATSAPP

TORINGKERK WHATSAPP GEMEENSKAP

SLUIT AAN EN BLY IN KONTAK METJOU TORINGKERK GEMEENSKAP VIA WHATSAPP

TORINGKERK WHATSAPP GROEP

Kontak gerus die kantoor indien jy nie die Toringkerk Nuus per epos of Whatsapp wil ontvang nie.